Conquesta 2019

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
Koerier: Krantzviewweg 105, Kloof 3610, Suid-Afrika / Pos: Posbus 99, Kloof 3640, Suid-Afrika
Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
E-Pos: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com

Afrikaans 1 *(Huistaal)* – Graad 9

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood *(sien voorbeeld 1 hieronder)*. Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word *(sien voorbeeld 2 hieronder)*.

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	●	d

Voorbeeld 2:-

4.	a	●	⊗	d

Bestudeer die artikel en beantwoord vrae 1 – 28.

Boelies – staan op teen daardie bullebakke

Wat is 'n boelie?
As jy deur 'n groter of sterker maat afgeknou word en in 'n web van vrees vasgevang word, word jy geboelie. Vrees laat jou aan jou eie vermoëns twyfel en daarom vertel die geboeliedes nie graag vir volwassenes van hul probleme nie.

Hier is 'n oefeninkie wat jy en jou maats kan doen as julle geboelie word:

Aktiwiteit
Neem 'n stuk papier en kyk wie dit die kleinste kan opfrommel. Kyk daarna wie die stuk papier die platste kan uitstryk.

Kommunikeer
Gesels oor hoe ons mekaar soms deur ons woorde, vuiste en duime opfrommel. Dit help ook om met volwassenes, bv. onderwysers, ouers, predikante, sielkundiges ens. oor die aangeleentheid te praat. Gesels oor hoe om jou sosialemediarekeninge se privaatheid te beskerm.

Hoekom jy afgeknou word

Redes
Adolessente word dikwels slegs afgeknou omdat hulle as *'anders'* bestempel word. Voorbeelde van dié andersheid is o.a.: weeskinders, gestremdes, etnisiteit, sosiale status, MIV/Vigs, armoede, fisiese voorkoms (oor- of ondergewig), woonarea (soos Townships) en taal- en kulturele verskille.

Skole
'n Skool behoort 'n veilige hawe te wees, waar niemand in vrees lewe om op die skoolterrein of speelgronde rond te beweeg nie. Ongelukkig teken meer en meer tieners op sosialemediarekeninge in en dis makliker vir almal by die skool om te sien wanneer iemand iets vernederend oor iemand anders gepubliseer het. Seksuele- en kuberafknouery is aan die orde van die dag.

Bewustheid
Die meeste tieners besef dat boeliegedrag skadelik is. Die meeste het 'n broertjie dood daaraan. Daar is bewusmaking van boeliegedrag in skole en daar is dus geen verskoning daarvoor as iemand iemand anders teister, martel of verneder nie. Die probleem is dat boelies onderliggende kwessies het wat boeliegedrag aanwakker. Voorbeelde hiervan is die smagting na populariteit en mag. Dít is die rede waarom boelies leerders wat nie *'goed'*, *'sterk'* of so *'mooi'* soos hulle is nie, teiken.

---

1. **Watter selfstandige naamwoord word van die werkwoord *'afgeknou'*, gevorm?**
(a) klousule (b) knou af (c) afknou (d) afknouery

2. **Die meervoud van *'web'*, is .....**
(a) webs. (b) webe. (c) webbe. (d) webbens.

3. **Die homoniem van *'maat'*, in *'As jy deur 'n maat afgeknou word'*, is:**
(a) My maat is in dieselfde graad as ek.
(b) Watter maat het jy gebruik om die afmetings mee te maak?
(c) 'n Maat is 'n vriend.
(d) My maat verjaar vandag.

4. **Wat beteken *'vrees'*, wanneer die agtervoegsel *'–loos'*, aangeheg word?**
(a) Jy is bang. (b) Jy is in vrees vasgevang.
(c) Jy is sonder vrees. (d) Jy is vreesbevange.

5. **Wat is die enkelvoud van *'vermoëns'*?**
(a) vermoë (b) vermoeën
(c) vermoe (d) vermôe